

INHOUD

Voorwoord	v
Algemene opmerkings	vii
Genealogiese simbole, afkortings, geldeenhede, lengtemate en gewigte	viii
Hoofstuk 1. Die verhaal van stamvader Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen	1
1. Inleiding	1
2. Duitsland	4
3. Skeepsreis en vestiging in Kaap de Goede Hoop	17
4. Diens in die garnisoen by die Kasteel de Goede Hoop	31
5. Leenkneg op Valsrivier en vryburgerskap	36
6. Kykoe in Langkloof	43
7. Die burgermilisie van Swellendam	55
8. Heemraad in Swellendam	64
9. Die Tweede Grensoorlog (1789-17930 en die tydperk daarna	73
10. Laaste jare op Kykoe	84
11. Slot	97
12. Endnote	98
Hoofstuk 2. Artikels oor verskillende aspekte van die familie	109
1. Genetiese studie: Y-DNS-projek	109
2. Heraldiek: familiewapens	114
3. Barkhuizens en die Anglo-Boereoorlog – 'n kort oorsig	117
4. Waar duik die naam Barkhuizen nog op?	123
Hoofstuk 3. Barkhuizen-genealogie	126
1. Hoe om die geslagsregister te gebruik	126
2. Stamvader a1: Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen	128
3. Die nageslag van die oudste seun, Nicolaus Jacobus (b1), (Diepkloof, Kammanassie-tak)	130
4. Die nageslag van die tweede seun, Johannes Cornelis (b2), (Kliprivier-tak)	203
5. Die oudste dogter, Alberta Catharina (b3)	264
6. Die nageslag van die derde seun, Simon Hendrik (b4), (Uitenhage-tak)	265
7. Die dogters Barbara Johanna (b5), Jacomina Margaretha (b6) en Anna Catharina (b7)	401
8. Die vierde seun, Johan Nicolaas Wilhelm (b8)' (De Vlucht-tak)	402
9. Die nageslag van die vyfde seun, Frederik Christoffel (b9). (Piesangrivier-tak)	404
10. Die dogter, Martha Catharina (b10)	422
11. Die sesde en jongste seun, Petrus Hendrik Carel (b11)	423
12. Die dogters, Christina Jacomina (b12) en Johanna Petronella (b13)	425
13. Stamvader a2: Daniël Barkhuizen (Calitzdorp-tak)	426
14. Ongekoppelde individue	431
15. Alfabetiese naamlys met indeksnommers	439
16. Bronne	526
17. Aantekeninge	530

Voorwoord

*Ohne Tradition, keine Kultur,
Ohne Kultur der Mensch ein Barbar.¹*
(Oswald Spengler)

Simon Barkhuizen van die plaas, Diewedraai, sê eenkeer vir my: “Ek dink baie oor ons familie en partykeer lag ek en partykeer huil ek.”

Dit was vir my so 'n mooi beskrywing van families, maar ook van menswees. Dit was waarskynlik hierdie element van menslikheid wat my sedert my universiteitsdae inligting oor die familie laat versamel het. Juis daarin lê die tradisie en erfenis opgesluit wat bewaar moet word. Met hierdie register en geskiedenis van die familie wil ek graag daartoe bydra.

My eerste belangstelling het begin toe my pa op die Randse skou 'n familiewapen koop. Saam met die wapen (wat terloops niks met ons familie te doen gehad het nie) het 'n kort oorsig oor die stamvader en sy kinders gekom. Ek het soos baie ander gevra: “Waar pas ons in?” Ongeveer hierdie selfde tyd het prof. F.A. van Jaarsveld ons geskiedenisklas aan die staatsargief in Pretoria bekendgestel en toe ek die eerste oorspronklike familiedokument in die hande kry, het die gogga gebyt.

Intussen het ek al kontak met talle interessante familielede gehad en 'n hoogtepunt was toe die sekretaris van die “Bar(c)khausen Familienbund” in Duitsland, Rudolf Barckhausen, my gekontak het. Dit het gelei tot gereelde skakeling en ons familie het 'n paar van die “Familienbund” se saamtrekke in Duitsland bygewoon. 'n Besondere geleentheid was toe 'n oom van my, prof. Ben Barkhuizen en 'n neef, Johan de Villiers, namens die Suid-Afrikaanse familie by die fees in Frankryk opgetree het, wat deur Raymond Barckhausen gereël is. In 1993 het dr. Jobst Barckhausen, destydse president van die familiebond en sy vrou Irmelin, ons in Pretoria kom besoek.

Alhoewel ek 'n besondere belangstelling het en moontlik die meeste navorsing gedoen het, het baie mense bygedra tot die volledigheid van die register. In hierdie verband kan ek Pieter Barkhuizen (gebore 14 Februarie 1916) van George noem, wat jare voor my al 'n goeie basis van veral die Kaapse familie gelê het. Gordon Barkhuizen (gebore 28 Maart 1963) het die Rhodesiese familieregister verskaf.

Behalwe vir die saamstel van 'n omvattende familieregister het ek 'n besondere belangstelling in die lewensverhaal van die stamvader. Daar is nog nooit voorheen omvattende navorsing oor die stamvader gedoen nie. Die inligting oor hom in genealogiese publikasies is dikwels foutief en onvolledig. In die eerste genealogiese publikasie in Suid-Afrika, *Geslacht-register der Oude Kaapse familiën* deur C.C. de Villiers in 1893, verskyn baie min inligting oor hom. Sy name word as Jan Nicolaas Barkhuijzen aangegee en verder word sy diens by die VOC, sy tuisdorp Horn in Lippe en sy huwelik in 1771 met Jacomina van Rensburg genoem. Daar is wel 'n volledige en korrekte lys van al die kinders se name en doopdatums. In *De Afkomst der Boeren* deur H.T. Colenbrander in 1902, word net 'n opsomming van C.C. de Villiers se inligting gegee. J. Hoge se *Personalia of Germans at the Cape, 1652-1806*, wat in 1946 gepubliseer is, gee vir die eerste keer 'n aanduiding dat daar meer inligting beskikbaar is deur die verwysingsnommers van toepaslike lêers in die Kaapse argief te noem. Hoge gee die korrekte name, Johann Nikolaus Wilhelm en hy verwys verder na

die personeellyste van die VOC, die knegkontrak met Nicolaas Janse van Rensburg, sy aansoek om burgerskap, sy huwelik, die dode van die dertien kinders en ook sy testament. Hy gee egter 'n foutiewe aankomsdatum in die Kaap, 1765 in plaas van 1766. Die algemene publikasies daarna, soos die *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters Deel 1* van J.A. Heese en R.T.J Lombard, het hierdie basiese inligting van Hoge net so behou. In J.A. Heese se boek *Die Kerk in die Wolke, Eeufeesgedenkboek Uniondale 1866–1966* brei hy die inligting 'n bietjie uit deur plase van die stamvader by te voeg en hy verwys ook na die reisverhaal van die sendeling Latrobe, wat die plaas in 1816 besoek het. Anista van Huyssteen het in haar boek, *Die Storie van Langkloof*, in 2008, die beste samevatting van bestaande bronne oor Kykoe en die stamvader Barkhuysen tot op daardie stadium gegee.

Dit het gou duidelik geword dat daar baie min gepubliseerde inligting oor stamvader Barkhuysen bestaan en dit wat wel beskikbaar is, is op sekondêre publikasies gebaseer. Ek het dus stelselmatig begin om primêre dokumente in die Kaapse argief, wat van toepassing op stamvader Barkhuysen en sy gesin is, te soek. Na baie jare se navorsing het ek die brokkies uit dokumente saamgevoeg en het die storie ontvou soos dit in die boek vertel word.

'n Mens is geïnteresseerd in die storie van die stamvader en sy nageslag, want behalwe dat dit vir ons familie hul storie vertel en so 'n trots en identiteit skep, vertel dit ook iets oor ons identiteit as Suid-Afrikaners. Die verhaal verbreed ons kennis van die geskiedenis van ons land en sy mense, maar ook spesifiek die proses van blanke vestiging in die land.

Behalwe vir die argivale navorsing en geskiedenis van die stamvader en sy kinders, bestaan die res van die publikasie hoofsaaklik uit 'n familieregister. Ek het my bes probeer dat die register nie net na 'n klompie name en datums lyk nie, maar dat dit aangevul word met foto's, biografiese inligting en stories oor die mens en sy familie. Die doel is om die familiegeskiedenis en die register te integreer. Laastens is die familieregister ook baie volledig danksy die digitalisering van belangrike databasisse en die sosiale media wat kontak met familielede vergemaklik het. Baie van die inligting en verwante navorsing is op my webblad, www.barkhuizen.co.za, beskikbaar.

Ten slotte is daar verskeie artikels wat algemene aspekte van die familie raak. Die Y-DNSprojek is 'n nuwe en interessante veld wat van genetica gebruik maak om die papierspoor van familie-afstamming aan te vul. Tweedens is daar 'n artikel oor heraldiek om almal se groot vraag: "Hoe lyk ons familiewapen?" te beantwoord. Die derde groot artikel is die rol wat familielede in die Anglo-Boereoorlog gespeel het. Die res is kort snippertjies oor verskeie interessantheide aangaande die familie wat ek so met die tyd raakgeloop het.

Ek glo dat hierdie publikasie 'n baie belangrike toevoeging tot die genealogiese navorsing in ons land is en ek hoop dat elke Barkhuizen-familielid trots daarop sal wees.